dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

23 MEI 2019

Johannes 15:12-13: #Vriendskap

"Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee."

Jesus sê aan sy dissipels: "Dit is My gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle lief gehad het." Ons vriendskap moet met die liefde van Jesus geanker wees. Daardie liefde wat onvoorwaardelik is, daardie liefde wat die Seun van God geneem het tot op die kruis van Golgota, want groter liefde het niemand as dit nie. Jesus het Sy lewe gegee vir ons, toe ons nog in die moeras van sonde was. Dit is die hoogste prys wat 'n mens kan betaal.

In die Ou Testament in 1 Samuel hoostuk 20 sluit Dawid en Jonathan 'n verbond dat hulle altyd op die uitkyk sal wees vir mekaar. 1 Samuel 20:3b sê: "…maar so waar as die Here leef en jou siel leef, daar is maar net een tree tussen my en die dood." Hulle het mekaar so liefgehad dat hulle siele aan mekaar gekleef het. Jonathan was die opvolger van sy vader, Saul, maar hy was bereid om sy posisie prys te gee ter wille van wat God wil hê. Jesus is die vriend wat ons nooit alleen sal los nie, Hy sal ons bewaar in die holte van Sy hand.

Vrede / Shalom